# Gedragskode  Junior Primêr

Die Kode van Gedrag bestaan uit skoolreëls wat ten doel het om die leerders tot selfstandige besluitneming te lei en ook om hulle veiligheid te verseker. Kuswag Skool streef na karakterontwikkeling wat op die volgende waardes gebaseer is:

- Betroubaarheid
- Respek
- Verantwoordelikheid
- Regverdigheid
- Omgee
- Goeie Burgerskap

Sonder dissipline kan geen skool funksioneer nie. Ons wil graag gelukkige, maar gedissiplineerde leerders onderrig. Ons glo deur volgehoue samewerking tussen die onderwyseres, leerder en ouers kan ons sukses behaal. Die dissiplinêre beleid word gebruik as 'n opvoedkundige instrument ter bevordering van elke leerder se ontwikkeling. Elke leerder word aan die begin van die jaar ingelig oor die reëls en funksionering van die dissiplinêre stelsel. Elke leerkrag in die grondslagfase word toegelaat om binne die raamwerk van die Kode van Gedrag te funksioneer en hul eie strafstelsel daarvolgens aan te pas.

## Amptelike Skoolure en Administrasie

### Skoolure

| FASE | GRAAD | BEGIN | EINDIG MAAN - DON | EINDIG VRYDAG |
|---|---|---|---|---|
| Grondslagfase | RR, R | 07:30 | 12:00 | 12:00 |
| Grondslagfase | 1 | 07:30 | 12:45 | 12:00 |
| Grondslagfase | 2 | 07:30 | 12:45 | 12:00 |
| Grondslagfase | 3 | 07:30 | 13:15 | 12:00 |

### Laatkommers

Dit word skriftelik in die register aangeteken.  Indien 'n leerder 3 keer in 'n maand laat kom, volg 'n inskrywing in die straflêer.

### Huiswerk

Leerders ontvang vanaf  Maandag tot Donderdag huiswerk.  Ouers moet daagliks die Huiswerkboek en Leesverslag nagaan en teken.  Indien 'n leerder nie 'n taak inhandig vir assessering nie, kan die leerder sy punte verbeur of gepenaliseer word.  Versuim om huiswerk te doen kan lei tot 'n inskrywing in die straflêer.

### Briewe, Finansiële state en Korrespondensie

Alle korrespondensie en rekeninge word in u kind se Boodskap- of Huiswerkboek geplak/vasgekram. Hierdie boeke moet daagliks deur die ouers nagegaan word.

KUSWAG SKOOL SAL NIE VERANTWOORDELIK GEHOU WORD VIR BRIEWE/STATE WAT NIE AAN OUERS GEGEE IS NIE.

### Afwesighede

In alle gevalle moet bewys van afwesigheid ingedien word binne DRIE DAE vanaf laaste datum van afwesigheid.

### Algemene afwesigheid – Siekte/Ander

- Slegs siekte of dood sal as wettige verskonings aanvaar word.  Indien 'n leerder die derde dag binne 'n 8-week siklus afwesig is, is 'n mediese sertifikaat verpligtend.
- Leerders wat meer as 20 dae in 'n skooljaar afwesig is, mag volgens die skolewet dalk die jaar herhaal.
- Leerders wat sonder 'n geldige rede afwesig is en assesseringstake misloop sal nie daarvoor bepunt kan word nie.  Vir afwesigheid op 'n Vrydag en/of Maandag moet 'n mediese sertifikaat binne drie dae na die leerder se terugkeer ingehandig word.

### Afsprake gedurende skoolure

- Beperk afsprake binne skoolure tot die minimum.
- Noodgevalle sal op meriete hanteer word.
- 'n Skriftelike versoek vir afsprake moet vooraf aan die klasonderwyseres gerig word.

### Leerders wat siek word tydens skoolure

- Ouers sal telefonies of per Classdojo verwittig word om u kind te kom afhaal.
- Geen leerder mag sy/haar ouer kontak om hom/haar te kom afhaal nie.

### Begrafnis

- Skriftelike kennis moet aan die klasonderwyseres gerig word.
- Afskrif van die begrafnisbrief/doodsertifikaat moet binne 3 dae na u kind se terugkeer ingehandig word.

## Strafstelsel

### Algemeen

- Geen Grondslagfase-leerder mag selfone of tablette skool toe bring nie.
- Geen leerder mag wapens of skerp voorwerpe skool toe bring nie.
- Geen leerder mag in die besit wees van enige verbode middels nie.
- Geen leerder mag speelgoed skool toe bring nie.
- Elke leerkrag is verantwoordelik vir die dissipline in haar eie klas.
- Die toepassing van die 6 waardes soos uiteengesit bo-aan hierdie bladsy sal deurgaans in elke klas toegepas word.

Leerders word beloon vir goeie gedrag. Leerders wat vir 'n volle kalendermaand 'n skoon rekord het en geen inskrywings ontvang het nie, sal met 'n sivviedag beloon word.  Ouers sal skriftelik in kennis gestel word.

Die strafstelsel word ingedeel in drie vlakke nl:

- Vlak 1: Minder ernstige oortredings
- Vlak 2: Ernstige oortredings
- Vlak 3: Uiters ernstige oortredings

## Vlak 1 Oortredings: Minder ernstige oortredings

Straf

- Inskrywing in die straflêer.
- Detensie
  - Indien ‘n leerder 3 inskrywings in 1 week ontvang, lei dit tot ‘n pouse detensie.
  - Na 9 inskrywings in ‘n kwartaal lei dit tot ‘n Donderdag middag detensie.

  Ouers sal per brief ingelig word oor detensies.

Voorbeelde van minder ernstige oortredings, maar nie beperk daartoe nie, sluit in:

| | |
|---|---|
| Aanhoudende gesels in die klas | Steurnis tydens lesaanbieding |
| Onordelike klasgedrag | Strooi van rommel in die klas of buite |
| Versuim om huiswerk te doen | Versuim om boeke te laat teken |
| Onvolledige huiswerk | Huiswerkboeke 3 keer nie geteken nie |
| Laat inhandiging van opdragte, boeke, ens. | Mors in die badkamer |
| Uitskree in die klas | Wangedrag in die badkamers |
| Eet of drink in die klas sonder toestemming | Drie keer laat vir skool |
| Wangedrag op die stoep | Verkeerde skooldrag/skooltas/sportdrag |
| Verlaat die klas sonder toestemming | Voorkoms nie volgens die voorskrifte nie |
| Disrespekvol teenoor enige persoon | Op verbode terrein wees |
| Uitdaging van gesag | Boeke nie by die skool nie |

## Vlak 2 Oortredings: Ernstige oortredings

Straf

- Detensie
  - Onderstaande oortredings sal lei tot ‘n onmiddelike pouse detensie.
  - Indien ‘n leerder 3 pouse detensies in ‘n kwartaal kry, sal dit lei tot ‘n Donderdag middag detensie

Voorbeelde van ernstige oortredings, maar nie beperk daartoe nie, sluit in:

| | |
|---|---|
| Wangedrag tydens saalbyeenkomste | Nie opdaag vir detensies nie |
| Vloek, gebruik van kru taal of -gebare | Mindere beskadiging van eiendom |
| Vertel van leuens | Herhaaldelike wangedrag in die klas |
| Ernstige disrespekvolle optrede | Neem van ander se eiendom |
| Afknou, dreig of seermaak van leerders | Beskadiging van ander se eiendom |
| In besit wees van ‘n selfoon of tablet | In besit weees van onwelvoeglike materiaal |
| Kwetsende opmerkings teenoor enige persoon | Opsetlike uitdaging van gesag |
| Afskryf van werk | Herhaalde oortreding van Vlak 1 reëls |
| Afwesigheid van sport/kultuur/aktiwiteit sonder verskoning | |
| Wanaanwending van skooleiendom bv. speel met brandslange, ens. | |

## Vlak 3 Oortredings: Uiters ernstige oortredings

Straf

- Detensie
  - Onderstaande oortredings sal lei tot ‘n onmiddelike Donderdag middag detensie.
  - In ekstreme gevalle kan dit lei tot 2 of 3 detensies en ‘n onmiddelike dissiplinêre gesprek met die leerder en ouers.

    - Die toeken van 3 Donderdag middag detensies sal lei tot 'n dissiplinêre gesprek en/of 'n volle dissiplinêre verhoor wat kan lei tot uitsetting of skorsing
- Dissiplinêre gesprek en/of 'n volle dissiplinêre verhoor
- Uitsetting of skorsing

Voorbeelde van uiters ernstige oortredings, maar nie beperk daartoe nie, sluit in:

| | |
|---|---|
| Opsetlike vandalisme en/of beskadiging van eiendom | |
| Rassistiese, seksistiese en diskriminerende opmerkings en gedrag | |
| Bakleiery en toediening van beserings | Dreig van leerders of personeel |
| Boelie-gedrag | Maak van bomdreigemente |
| Diefstal | In besit wees van dwelmmiddels |
| Herhaaldelike Vak 2 oortredings | In besit wees van wapens |
| Brandstigting | Vervalsing van handtekeninge |
| Seksuele wangedrag bv. ontbloting | Intimidasie of viktimisering |
| In besit wees van pornografie | Seksuele teistering en/of aanranding |
| Fisiese aanranding van enige persoon | Enige ander kriminele oortreding |

LET WEL: In die geval van beskadiging van eiendom, sal die ouers/voogde aanspreeklik gehou word vir die herstel- of vervaningskoste.

## Kleredragreëls

Die skooldrag en reëls t.o.v. die dra daarvan word deur die hoof, die bestuur en die Beheerliggaam van Kuswag Skool bepaal.

### Dra van gewone klere op spesiale dae:

- Leerders mag op hulle verjaarsdag gewone klere dra. Indien 'n leerder se verjaarsdag oor 'n naweek of vakansiedag val, mag hulle op die laaste Vrydag voor hulle verjaarsdag gewone klere dra.
- Spesiale dae vir die dra van gewone klere sal van tyd tot tyd toegelaat word. Ouers sal altyd skriftelik in kennis gestel word.
- Kleredragreëls vir sulke dae sal streng toegepas word:
    - Geen juweliersware mag gedra word nie.
    - Dogters se hare moet vasgemaak wees.
    - Leerders moet skoene dra.
    - Geen gekleurde hare of jel in hare nie.
    - Geen dra van naellak op vinger- of toonnaels nie.
    - Geen dun bandjies vir toppies nie. Die midrif mag ook nie ontbloot wees nie.
    - Geen "sjoe"-broekies nie.
    - Geen kort rompies nie.
- Leerders wat nie na wense geklee is nie, se ouers sal geskakel word om skoolklere skool toe te bring.

## Skooldrag

Skoolklere kan gekoop word by:

- The Tailor - Toti Mall
- Kuswag Skool se tweedehandse winkel

Skooldrag is verpligtend vir leerders wat amptelike skoolfunksies, sport- of kultuurgeleenthede as toeskouers bywoon (ook hoërskool en laerskool funksies).
Leerders wat ná skoolure skooldrag dra, moet volledige skooldrag met skoene dra.

## Somersdrag

Seuns

- Teal kortbroek ("baggy")
- Teal gholfhemp met teal kraag. Die naam "Kuswag" in wit geborduur op die linkerbors van die hemp. Die hemp hang oor die broek.
- Wit tekkies met wit veters en wit omvou sokkies sonder strepe of die voorgeskrewe bruin sandale. Geen "secret socks" word toegelaat nie.
- Skoolsweetpakbaadjie (wit en teal) as dit koud is. Baadjie moet toegerits wees.
- Teal skoolpet (opsioneel)

Dogters

- Teal broekrompie ("Skort")
- Teal gholfhemp met teal kraag. Die naam "Kuswag" in wit geborduur op die linkerbors van die hemp. Die hemp hang oor die broek.
- Wit tekkies met wit veters en wit omvou sokkies sonder strepe of die voorgeskrewe bruin sandaal. Geen "secret socks" word toegelaat nie.
- Skoolsweetpakbaadjie (wit en teal) as dit koud is. Baadjie moet toegerits wees.
- Teal skoolpet (opsioneel)

## Wintersdrag

Seuns en Dogters

- Teal kortbroek vir seuns en teal broekrompie vir dogters en/of teal sweetpakbroek
- Teal gholfhemp met teal kraag. Die naam "Kuswag" in wit geborduur op die linkerbors van die hemp.
- Wit tekkies met wit veters en wit omvou sokkies sonder strepe. Geen "secret socks" word toegelaat nie. Geen sandale mag gedra word nie.
- Skoolsweetpakbaadjie (wit en teal) as dit koud is. Baadjie moet toegerits wees.
- Die volle sweetpak moet as geheel gedra word. Die baadjie mag sonder die sweetpakbroek gedra word.

## Algemene netheid en voorkoms

Naels

- Naels mag nie verby die vingerpunte steek nie.
- Naels moet ten alle tye skoon en netjies wees.
- Geen naellak op vingers of tone nie.

Hare — Dogters

- Hare moet altyd netjies en skoon wees.
- Geen kleursel, tint of strepies in hare nie.
- Geen haarjel mag aangewend word nie.
- Hare moet uit die gesig wees.
- Kuiwe mag nie die wenkbroue raak nie.
- Slegs wit, bruin of teal linte of "scrunchies" (geen versierings op nie)
- Slegs bruin wit of swart haarrekkies
- Slegs eenvoudige, onversierde haarknippies in bruin, swart of silwer.

- Die dra van ‘n wit, bruin of swart “Alice band”, nie breër as 3cm nie.
- Los hare wat aan die kraag raak moet vasgemaak word.
- Geen “undercuts” nie.

Hare — Seuns
- Hare moet altyd netjies en skoon wees.
- Geen kleursel, tint of strepies in hare nie.
- Geen haarjel mag aangewend word nie.
- Hare moet kort gesny wees. Hare mag nie aan die kraag, wenkbroue of oogbanke raak nie.
- Geen “step” of “combovers” nie.
- Geen geskeerde patrone toelaatbaar nie.
- Geen vreemde style is toelaatbaar nie.

Juwele en Grimering
- Horlosies mag nie onnatuurlik of oorversier wees nie.
- Geen slimhorlosies nie.
- Slegs wit, swart of metaalkleurige horlosies is toelaatbaar.
- Geen ringe, hangertjies of armbande nie (slegs mediese armbande is toelaatbaar).
- Oorkrabbertjies mags slegs deur dogters gedra word:
  - Slegs goud of silwer “sleepers” of “studs” (sonder steentjies) is toelaatbaar.
- Geen grimering nie.
- “Lip ice” moet deursigtig en natuurlik wees.

## Sportdrag

Netbal, Tennis, Krieket
- Teal skooldrag
- Wit sokkies
- Wit tekkies
- Teal skoolpet

Atletiek, Landloop
- Teal skooldrag
- Teal skoolpet
- Wit tekkies en wit kouse, of kaalvoet

Hokkie
- Teal skooldrag
- Bruin kniehoogte Kuswag kouse
- “Shin guards”
- Wit tekkies
- Teal skoolpet

Rugby
- Wit kort rugbybroek
- Skool rugbytrui soos voorgeskryf — bruin met wit en teal strepe
- Kaalvoet

Swem

- Plein swart speedo swembroek vir seuns en dogters
- Seuns mag swart “jammers” dra
- Dogters mag geen gekleurde een- of tweestuk swembroeke vir LO of gala’s dra nie
- Teal Kuswag swempet is verpligtend vir alle gala’s en LO periodes

Skooltasse

- Slegs die voorgeskrewe Kuswag skooltas mag gebruik word.
- Slegs die voorgeskrewe Kuswag sportsak mag gebruik word.
- Die gebruik van die Kuswag koelsakkie word aanbeveel.